Die voorskrifte van die Onderwysdepartement bepaal dat elke leerder in graad 10, 11 en 12 Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid moet neem.

Waar Wiskunde toegespits is op die aanleer van formele, abstrakte begrippe en algoritmes, is Wiskundige Geletterdheid ingestel op die hantering van situasies uit die alledaagse lewe. Waar dit nodig is om formules te gebruik, word die formule verstrek en moet die leerder dit slegs toepas.

Wiskundige Geletterdheid kan in leketaal beskryf word as die vak wat die leerder help om sy "common sense" te ontwikkel.

Baie tyd word afgestaan aan finansiële geletterdheid, die interpretasie van planne en skaaltekeninge en dan ook die hantering van statistiese data.

Hierdie konsepte word altyd in konteks geplaas met situasies wat verband hou met die werklikheid.

WISKUNDE-HULPKLASSE

Hulpklasse word in die middae (14:15 - 15:15) op aanvraag aangebied.

WISKUNDE-TUTORIAALKLASSE VIR MATRIEK

• verpligtend vir alle matrieks

• een middag per week 14:15 -15:15

• hierdie tyd word gebruik vir vaslegging van wiskundige begrippe

• opvoeder tree op as fasiliteerder

WISKUNDE-OLIMPIADES

Groot getalle van ons leerders kry telkens die geleentheid om deel te neem aan Wiskunde-olimpiades, soos:

• Harmony-Wiskunde-olimpiades (twee rondes)

• Universiteit van Kaapstad-Wiskunde-kompetisie

• Mini-Wiskunde-olimpiade